Foto's: Naomi Steenkamp

# Woordfees 2005
## - baie meer as net kale woorde

Dorothea **van Zyl**

Die geskiedenis leer dat dit meestal enkelinge is wat 'n groot verskil maak eerder as groepe mense. So 'n begaafde individu was Jan Hendrik Hofmeyr, die leier van die Afrikanerbond, (nie te verwar met vandag se Afrikanerbond nie!) wat op 6 Maart 1905 'n historiese en profetiese rede oor die behoud en bevordering van Nederlands op Stellenbosch gelewer het, getitel: 'Is 't ons ernst?' 'n Honderd jaar later wys prof Pieter Kapp in sy boeiende lesing die verskille en ooreenkomste tussen ons tyd en die vroeë twintigste eeu uit. Waar is vandag se leier?

Dié lesing was maar die eerste van 'n wye reeks lesings, praatjies en paneelbesprekings waarmee die afgelope Woordfees mense met meer as 80 aanbiedings aan die dink en aan die praat gesit het oor boeke, skrywers, die kunste, musiek en drama, asook oor politieke en ander sake van die dag.

Hoewel die debat oor Dan Roodt se deelname aan die Woordfees – en die implikasies daarvan vir sake soos vryheid van spraak, sensuur, ens. – die beriggewing in die pers oorheers het, was daar veel méér.

Die sessie oor die verskil tussen die vryheid van spraak en haatspraak (met Herman Giliomee, Leopold Scholtz, Etienne Britz en Amanda Gouws as voorsitter) het tereg 'n vol saal getrek, soos ook Roodt en Johan Rossouw se gesprek oor *Moltrein* in Protea Boekhuis, maar dit was ook die geval met die gewilde besprekings oor Eugene Marais (met Leon Rousseau, Johan Lodewyk Marais, David van Reybrouck, Reza de Wet en Abraham de Vries). Nadat die eerste aanbieding hiervan binne die eerste paar dae uitverkoop is, is nog 'n sessie gereël, waarvoor die kaartjies ewe vinnig gevlieg het. Ook die meeste ander diskussies was baie gewild en is in die algemeen uitstekend bygewoon.

Die betekenis van die tagtigerjare het sterk in die aandag gestaan, onder meer in prof Elize Botha se lesing daaroor; in Juanita Swanepoel se deurtastende en ontroerende *Tagtigers*, asook in die vermaaklike maar insiggewende twee *Brekfis met vier*-ontbyte. Miskien daarom dat 'n debat losgebreek het wat soms ongemaklik baie herinner het aan die troebele tagtigertyd!

Die Woordfees was egter baie meer as kale woorde. Daar was baie dramas – van heerlik lig en speels (soos *Op die vrou af,* die *Francois Toerien-Show, Onbekend, Skeitbang* en die Pretty Ladies se *Where's the love ... watse liefde?*) tot ernstiger (*Abjater wat so lag, Prinsloo versus, Etenstyd en Pas de deux*), talle musiekaanbiedings en kunsuitstallings. Stories is vertel en daar is heerlik saam gelag. Die filosowe het die skrywers nogmaals opgedreun in die uiters gewilde *Filosofie-kafee* en skrywers het mede-skrywers met woorde getakel in 'n *Bekgeveg*.

'n Hoogtepunt was dat Reza de Wet vir die eerste keer sedert 1997 'n Afrikaanse stuk geskryf het, naamlik die interessante postmodernistiese dramatiese monoloog *Verleiding*. Hierdie stuk oor onder andere Engene Marais (sy wil dit nie 'n drama noem nie) is spesifiek bedoel vir 'n meer gesofistikeerde gehoor, wat die fyn en spannende nuanses van taal en aanbieding kan volg by 'n Woordfees. Reza was dan ook agterna baie tevrede met die goeie opkoms en die begrip wat die gehore getoon het.

Die Libertas-koor het, saam met Celsius, gesorg vir 'n opwindende uitvoering. In 'n uitstekende program, *Van Winternag tot vandag* (saamgestel deur Hendrik Hofmeyr en Magdalena Oosthuizen) het 'n reeks uitvoerende kunstenaars soos André Howard, Sabina Mossolow en Marianne Serfontein, bygestaan deur Bennie van Eeden en Hendrik Hofmeyr (klavier), Anmari van der Westhuizen (tjello) en Marietjie Pauw (dwarsfluit), laat hoor hoe Afrikaanse liedverwerkings klink. In effens ligter luim, op 'n manier wat 'n staande ovasie uitgelok het, is die Woordfees die Sondagaand afgesluit met die Anglo Gold Koor, saam met Rina Hugo en Jannie Moolman.

Daar was ook kabaret ( onder andere Elzabé Zietsman en Daniele Pascal) en ligte musiek. *Huisgenoot Paartie in die park*, met 'n groot verskeidenheid *bands*, het honderde studente én ouer mense gelok, soos ook die straatfees. Graad 12-leerders van 60 skole in die Wes-Kaap en hulle opvoeders het die WOW-dag (Woorde Open Wêrelde) van werkswinkels, drama en musiek bygewoon. Die kinderfees, vir die eerste keer aangebied deur die Taalmuseum, was 'n treffer.

Uit die Nederlande het skrywers soos David van Reybrouck en Robert Anker, asook die musiekgroep Gorki en die sangeres Julia Bronkhorst kom deelneem.

Die fees is in die algemeen uitstekend bygewoon en 72% van alle kaartjies is verkoop. In getal meer as vorige jare, hoewel die persentasie ietwat laer lê. Danksy 'n uitmuntende Woordfeesspan, met onder andere Naomi Bruwer as projekbestuurder, Theo Kemp as Woordfeesbemarker, Fiona van Kerwel as organiseerder van die WOW-projek, Elbie Adendorff (Neerlandistiekdag en Akkoord), Amanda Botha (kunsuitstalling en die Dalene Matthee-huldigingsprogram), Saartjie Botha (toneel), Elias Nel (Woordkaros-programme), talle ander medewerkers en vennote was Woordfees 2005 'n groot sukses. Alles het glad verloop tydens die fees en selfs die weer het saamgespeel.

Na die nogal ontstuimige tyd vooraf slaak ons dus 'n sug van verligting – en begin al klaar wonder watter nuwe dinge ons op die spyskaart kan plaas vir 2006!

FW Jannasch (ongeveer 1929)

# Conserve vier 100 jaar

Die Konservatorium is die oudste instansie van sy soort in Suid-Afrika. Die ontstaan daarvan in 1905 uit etlike privaat-musiekskole op Stellenbosch sou mettertyd ook elders in die land ge-eggo word.

'n Ander faktor was die feit dat Stellenbosch die destydse setel van die N.G. Kerk se Teologiese Kweekskool (sedert 1859) was: Dit was onder meer deur die toedoen van kerkfigure soos John Murray en N. J. Hofmeyr dat Friedrich Wilhelm Jannasch (1853-1930) – uit die vrome geledere van die Morawiese sending op Mamre – hom in 1883 op die dorp gevestig het. Sy private musiekskool, wat uiteindelik (1901) vanuit sy (selfontwerpte) huis, *Greylock*, bedryf is, sou tesame met minstens twee ander instansies, die kern van die latere Conservatorium vorm. Jannasch was reeds lank voor die eeuwending 'n bekende in plaaslike musiekkringe (onder meer as "bandmaster" van die "Victoria Cadet Corps"), en sy aanstelling as eerste direkteur kom dus voor as vanselfsprekend. Andere sou mettertyd uit Europa volg, soos die Switser Armin Schniter, en die jong Hans (Johann Franz) Endler.

Die voorneme om 'n *Conservatorium* tot stand te bring, kan amptelik terug-herlei word na 'n besluit op 30 Augustus 1904, en klasse het die volgende jaar reeds begin. Die kostes van die perseel en die gebou het 5000 pond beloop, en die hoeksteen is in Julie 1905 gelê. Die feestelike inwyding vroeg-Mei 1906 het gepaardgegaan met etlike konserte, waaraan Herr Endler 'n ruim aandeel gehad het.

Die eerste kwalifikasies is reeds in 1906 verwerf, onder meer deur Maria von Willich – die latere prof. Maria Fismer. Teen 1909 is 'n stap verder gevorder in die rigting van aansluiting by die Universiteit (toe nog die *Victoria Kollege*), deur Jannasch as "erelektor" te benoem. Terselfdertyd het Endler hom beywer vir 'n soortgelyke instansie as dié waar hy self in Wenen gestudeer het. Die gevolg was uitgebreide onderrig in Spraak en Toneel, sodat Endler nou Weense operettes - en sy eie, soos die eerste Afrikaanse operette - kon opvoer. (Ook skilderkuns het gefigureer!) Hierdie verbintenis met die toneelverhoog sou eers in 1960 finaal verander met die stigting van die Departement Drama.

Met die oorname van die Conservatorium deur die Universiteit in 1934 is die bestuur deur 'n Senaatskomitee behartig. Op versoek van die Universiteit het Fismer in 1935 weer op die toneel verskyn, en sou vanaf 1938 die eerste vroulike professor in haar veld – en nuwe direkteur - word.

Dit was tydens die direkteurskap van prof Richard Behrens (1961-1988) dat die droom van 'n nuwe gebou uiteindelik in 1978 verwesenlik kon word: Behrens se toewyding aan 'n ideaal het verseker dat die huidige Konservatorium met die beste ter wêreld vergelyk kan word. Hiertoe behoort nie alleen die konsert-orrel in die Endler-saal nie, maar ook geriewe soos 'n repetisie-saal (Fismer), 'n lesingsaal (Jannasch), lesingkamers en 'n ruim funksionele biblioteek. Wyle Larry Scully se kunswerke in die foyer (en elders in die gebou) verteenwoordig 'n sonderlinge bevestiging van die onderlinge historiese bande tussen die kunste op die kampus.

Deur die deelname van internasionale uitvoerende kunstenaars soos Heinrich Schlusnus, Pierre Fournier, Simon Preston, Birgit Nilsson en Anton Nel, maar ook deur 'n georganiseerde studente-orkespraktyk – het die konservatorium sedert minstens die twintigerjare 'n belangrike faset van die Stellenbosse musieklewe gevorm. Die rol van pioniers soos Ivy Angove, Eric Rycroft, Lona Antoniadis, en die bydraes deur onlangse dirigente van die USSO, Louis van die Watt en Corvin Matei - verteenwoordig bakens van betekenis in die lewens van menige student. Deur die belangstelling van 'n Nederlander, Jan Bouws, wat reeds in 1946 'n publikasie oor ons musiek die lig laat sien het, kon die terrein van die musiekwetenskap 'n behoorlike vastrapplek in curricula. Reino Ottermann (direkteur 1988 -1998) het flink voortgebou op hierdie basis, en was onder meer 'n belangrike dryfkrag agter die aankoop van 'n kosbare versameling rare musiekpublikasies.

Tans word hard gewerk om ook deur moderne vakinhoude soos Musiektegnologie grondslae vir die toekoms te lê, sodat die eerste kommersiële CD-opname wat hierdeur moontlik gemaak is, onlangs bekendgestel kon word.

■ *Lees die opvolg-artikel in die volgende uitgawe.*

1. Gilbert & Sullivan se immer-gewilde musiekblyspel *HMS Pinafore* is reeds in 1923 deur Endler en sy studente opgevoer.
2. Endler en sy tjello-studente

3. Die *Conservatorium for Music* (tans die *Ou Konservatorium*) soos dit in 1934 gelyk het. Oorspronklik het die gebou ook 'n toring gehad.